



Lêerno.: 20/3/P
Verwysing: 20240820-6105

Assesseringsbestuursminuut: 0015/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: 2024/25 se NSS- en SS-eksamens – Verpligte opleiding vir alle prinsipale/sentrumbestuurders, hoofopsieners, senior opsieners, opsieners, nie-reisende en reisende monitors en distriksamptenare wat by die afneem, administrasie en bestuur van die eksamens betrokke is

1. Ingevolge die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008, soos gewysig op 30 April 2019, moet provinsiale onderwysdepartemente toesien dat **alle prinsipale/sentrumbestuurders, hoofopsieners, senior opsieners, opsieners, monitors en distriksamptenare** behoorlik opgelei word om die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens te administreer en af te neem.
2. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) poog elke jaar om geloofwaardige eksamens te bestuur en programme te implementeer wat die integriteit van die nasionale eksamens sal beskerm. Enige onreëlmatigheid kan die integriteit van die eksamens in gedrag bring en daarom is die **bywoning van die opleidingssessies deur die geïdentifiseerde rolspelers verpligtend**.
3. Die opleiding is sedert 2014 verpligtend, en tog is talle administratiewe en gedragsoortredings, asook oneerlike dade deur die jare en weer gedurende 2023 se NSS-eksamen geïdentifiseer en aangemeld. Die rol van die opsier moet daarom jaarliks versterk en beklemtoon word en alle verwante administratiewe prosesse moet verstaan en, vir die volle duur van die eksamentydperk, op 'n eenvormige wyse korrek by alle skole/eksamensentrums in die hele provinsie geïmplementeer word.

4. Die volgende opleidingsessies sal aangebied word en elke sessie sal op 'n ander aspek fokus:
- 28 Augustus 2024:** Landelike distrikte – Aanlyn Microsoft (MS) Teams-opleiding vir alle prinsipale/sentrumbestuurders wat as bergingsbestuurders sal diens doen
- 29 Augustus 2024:** Stedelike distrikte – Aanlyn MS Teams-opleiding vir alle prinsipale/sentrumbestuurders wat as bergingsbestuurders sal diens doen
- 10 September 2024:** Kontakssessies vir nuwe skole/eksamensentrums, waar eksamens vir die eerste keer eksamens afgeneem word, asook hoërisiko-skole/eksamensentrums wat deur distrikte geïdentifiseer is
- 11 September 2024:** Kontakssessies vir alle lede van skoolbestuurspanne (SBS) en opsieners van onafhanklike skole
- 03 Oktober 2024:** Kontakssessies vir alle assesseringskoördineerders oor die gestandaardiseerde materiaal vir die klusteropleiding in distriksverband van gemeenskapslede wat as opsieners diens doen
- 07/08 Oktober 2024:** Aanlyn MS Teams-opleiding vir al agt distrikte, insluitend onderwysers wat as opsieners en monitors diens doen (raadpleeg Bylae A vir die rooster)
- 09–15 Oktober 2024:** Klusteropleiding deur distrikte vir gemeenskapslede wat as opsieners sal diens doen
5. Die volgende afgevaardigdes wat by die afneem, administrasie en bestuur van 2024/25 se NSS- en SS-eksamens betrokke is, moet die aanlyn MS Teams-opleidingsessies op 07/08 Oktober 2024 bywoon (raadpleeg Bylae A):
- Prinsipale/sentrumbestuurders (hoofopsieners)
 - Twee SBS-lede
 - Alle senior opsieners
 - Onderwysers wat as opsieners sal diens doen (met inagneming daarvan dat 50% van opsieners in die provinsie onderwysers moet wees en 50% gemeenskapslede)
 - Distriksamptenare wat in 2024/25 by die afneem, administrasie en bestuur van die NSS- en SS-eksamens betrokke is
 - Monitors van Hoofkantoor en monitors wat deur die WKOD aangestel word.
6. Hoofkantoor sal vroegtydig 'n aanlyn skakel met 'n spesifieke datum aan alle distrikskantore stuur vir verdere verspreiding aan alle skole/eksamensentrums en distriksmonitors. Asseseringskoördineerders en eksamenadviseurs moet verseker dat alle skole/eksamensentrums hierdie skakel ontvang en moet verder toesien dat alle genoemde rolspelers die aanlyn MS Teams-opleidingsessies op daardie datum bywoon.
7. Die rooster wat die opleidingsdatums en -tye per kring en per distrik weergee, is as **Bylae A** aangeheg.

8. Alle prinsipale/sentrumbestuurders moet, na afloop van die aanlyn MS Teams-opleidingsessie 'n **drukstuk van die bywoningsverklaringsvorm** (aangeheg as **Bylae B**), voltooi en dit aan Hoofkantoor voorlê. Die ingesamelde inligting wat uit die voltooide **Bylae B** verkry word, sal vir **ouditdoeleindes** gebruik word.
9. Die volledig voltooide drukstuk van die bywoningsverklaringsvorm moet geskandeer en per e-pos aan die distrik se Assesserings- en eksamenkoördineerder **en** die volgende amptenare by Hoofkantoor gestuur word:

Onderwysdistrik	Amptenaar by Hoofkantoor
Kaapse Wynland Eden en Sentrale Karoo Metro-Noord Weskus	Nasreen.Valentyn@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal Metro-Oos Metro-Suid Overberg	Nicole.Gezwint@westerncape.gov.za

10. Na afloop van die opleidingsessie moet 'n **aanlyn bywoningsverklaringsvorm ook** volledig voltooi word. Die inligting wat van die aanlyn vorm ingesamel is, sal gebruik word om **bywoningseertifikaat** uit te reik. Die volgende skakel moet gebruik word: <https://forms.office.com/r/cFZni651xB>.
11. Assesseringskoördineerders sal al die opleidingsmateriaal vir alle opsieners wat as gemeenskapslede diens doen en **wat vir die geskeduleerde klusteropleiding gebruik moet word**, ontvang. Dit sal die standaardisering van die inligting wat gedeel word, verseker.
12. Dit is verder noodsaaklik dat distriksamptenare bywoningsregisters byhou as bewys van die geskeduleerde klusteropleidingsessies vir opsieners en dat alle voltooide bywoningsverklaringsvorme (Bylae B) by Hoofkantoor ingedien word.
13. U begrip en samewerking om geloofwaardige eksamens te verseker, word hoog op prys gestel.
14. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BJ LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-08-20